



Teenoorgesteldes



1. Verduidelik aan die leerder dat alle dinge nie dieselfde lyk, klink, ruik, smaak en voel nie. Party mense is **lank**, ander is **kort**, party meisies het **reguit** hare, ander het **krullerige** hare. Party strate is **breed**, ander is **small**. Party klanke wat ons hoor is **hoog**, ander is **laag**. 'n Rots voel **hard**, maar 'n kussing voel **sag**.

Versduidelik of demonstreer die begrip van teenoorgesteldes aan die leerder deur vir hom/haar konkrete voorbeelde te wys, bv: Maak 'n glas **vol** water en wys dan ook vir hom/haar 'n **leë** glas. Laat hom/haar voel aan 'n **harde** klip en 'n **sagte** kussing, ens.

Voorbeelde: oop/toe, lig/donker, skoon/vuil, baie/min, lank/kort, lê/staan, dag/nag, slap/wakker, warm/koud, bly/hartseer, reguit/krom, droog/nat, oud/jonk, voor/agter, ens.

2. Voorbeelde: 'n Vuur is warm, maar ys is koud.
 - a) 'n Olifant is groot maar 'n muis is _____.
 - b) As jy lag is jy gelukkig, maar as jy huil is jy _____. (harseer)
 - c) Jy knik jou kop as jy _____ sê, maar jy skud jou kop as jy _____ sê.
 - d) Party kinders is soet, maar ander is _____.
 - e) Oupas is oud, maar kinder is _____.
 - f) A jy 'n regmerk kry is jou antwoord korrek/reg, maar as jy 'n kruisie kry is jou antwoord _____ (verkeerd).
 - g) 'n Vliegtuig is vinnig, maar 'n skip is _____.
 - h) Ons slaap snags, maar ons speel _____. (bedags)
 - i) 'n Koning is ryk maar 'n bedelaar is _____.
 - j) As ons 'n bottle sap koop is dit vol, maar as al die sap opgedrink is, is die bottel _____.
 - k) Seep maak jou skoon, maar modder maak jou _____.
 - l) 'n Rots is swaar, maar n klippie is _____.
 - m) As jy die wasgoed ophang is dit nat, maar as jy dit afhaal van die wasgoeddraad af, is dit _____.
 - n) Die seun wat voor in die ry staan is eerste, maar die seun wat agter in die ry staan is _____.
 - o) Suiker is soet, maar 'n suurlemoen is _____.
 - p) Die prinses is mooi, maar die heks is _____.
 - q) In die dag is dit lig, maar in die nag is dit _____.
3. Moedig die leerder aan om beskrywende taal te gebruik as hy/sy met u gesels, bv. in plaas van om te sê:
Die seun skop die bal, kan julle die sin *bou* deur beskrywende woorde by te voeg.
Die groot, stout seun skop die vuil, groen bal hoog in die lug.